# VILIEN-MIRI COETZEE

*Besturende redakteur | Skrywer | Inhoudsbestuurder | Teksversorger*

083 941 6613 | vilien@mweb.co.za |Soutrivier, Kaapstad |8806060031087



## VAARDIGHEDE

**Algemeen**

- Kreatiewe produksie en -koördinasie
- Interpersoonlike kommunikasievaardighede
- Teksversorging en vertaling
- Skryf en inhoudskepping
- Projek- en spanbestuur
- Gemeenskapsbestuur en kliëntediens
- Organiese sosialemediabemarking
- Sielkunde en emosionele intelligensie

**Digitaal**

- WordPress (basies, 3 jaar)
- Adobe Acrobat X Pro
- Facebook, Instagram, Twitter
- MailChimp (basies, 3 jaar)
- iMovie, Splice
- Hootsuite, Later, Zoho Social
- Canva, Asana, Trello

## OPLEIDING

**2007** Universiteit Stellenbosch BA Geesteswetenskappe met sielkunde en filosofie
**2010** Universiteit Stellenbosch BA Hons in Afrikaans en Nederlandse literatuur
**2011** Universiteit Stellenbosch spesiale student in MPhil in vertaling en redigering
**2013** MultiDimensions InDesign Basic to Intermediate-kursus
**2014** ProjectManagement.co.za Intensiewe naweekwerksessie in projekbestuur
**2014** School of Lifestyle Medicine Wellness Coaching 101-kursus
**2014** GDH ILS Professional Life Coach-kursus (3 maande)
**2018** Kreatiewe afrigterskursus met dr. Eric Maisel
**2022** NVC (Niegewelddadige Kommunikasie) Intreevlak en intermediêr met Sarah Dekker.
**2022** Girls in Marketing Digitale Bemarkingsinternskap

## VERWYSINGS

Lucia Poolman (voormalige redakteur van *Huisgenoot Mooi/YOU Makeovers*) by 084 514 1845
Erika Oosthuysen (niefiksie-uitgewer by Tafelberg) by erika@nb.co.za
Jessica Schnehage (The Project Room) by 082 400 0640
Lara Matthews (one2love) by lara@one2love.co.za
Peter van Noord peter@subteks.co.za en Johan van Zyl johan@subteks.co.za
Anlie Janse van Rensburg by anlie.jvrensburg@habarimedia.com

Ek skep, versorg en bestuur inhoud wat waarde tot mense se lewe voeg. As ’n vryskutskrywer en teksversorger, besturende redakteur en sosialemediabestuurder verbind ek my daartoe om inhoud van topgehalte oor verskillende onderwerpe vir verskeie platforms en gehore te plaas – maak nie saak of dit nou in ’n tydskrif, artikel, boekresensie, flapteks, ’n kortfilm of sosialemediaplasing is nie. Geen ChatGP-robot sal ooit die rol van ’n goeie skrywer kan vervang wat met deernis en insig skryf en boonop beter sinne as Google Translate kan bou.

## ONDERVINDING

**Habari Media – Voltydse Besturende Redakteur (Mei 2023 tot nou):** As die besturende redakteur van een van die oudste tydskrifte in Suid-Afrika (*rooi rose*), is dit vir my 'n eer en plesier om 'n rol te speel in die opheffing en bemagtiging van die vroue van ons land met inspirerende en leersame inhoud. Met ’n verkoopsyfer van om en by 30 000, staan ons steeds ons plek stewig vol in die drukmedia. Ek is in beheer van die produksiebestuur en hou ons proses op datum, organiseer fotosessies, versorg die teks, reël kompetisies, behartig enige vertalings, stel dekor- en tuinblaaie op en skryf ook self artikels.

**Habari Media – Voltydse Tweetalige Teksversorger (Okt. 2022 tot Mei 2023):** Ek is verantwoordelik vir die keurige taalversorging van die tydskrifte *rooi rose*, *Garden & Home* en *Bona*. Dit sluit die nagaan van feite, vertaling van promosiemateriaal en sosialemediaplasings, proeflees en redigering in.

**Platteland – Vryskut Sosialemediabestuurder (May 2021 tot nou):** Ek help groei hierdie plaaslike tydskrif, wat oor als “stadig leef” gaan, se aanlyn teenwoordigheid met die doel om vir hulle meer intekenare te kry. Ek skep maandelikse inhoudskalenders vir hul Instagram- en Facebookblad, soek foto’s, skryf toepaslike kopie, doen navorsing oor toepaslike hutstekens, stel voor watter plasings ‘n hupstoot moet kry, bestuur en antwoord kommentare of griewe en lewer ‘n eenvoudige verslag oor die resulte wat my pogings tot gevolg gehad het. Platteland se Facebookblad se gehoor groei met byvoorbeeld 3-4% per maand.

**What’s On in Cape Town/Joburg – Junior Inhoudsbestuurder (6 maande kontrak):** Ek help mense om die beste Covid-vriendelike aktiwiteite en ander doendinge te vind. Ek doen navorsing oor die verskeie geleenthede in die stad, lê die inligting wat ek oor optredes vind op die webtuiste vas, maak gebruik van Wordpress om die inligting op die webtuiste op datum te hou, vervang en hou die glyvensters op datum, skep twee nuusbriewe ‘n week met Wordpress, woon geleenthede by en dokumenteer die ervaringe met video en foto’s.

**one2love – Vryskut Kopieskrywer (2018-2021):** Ek skryf en ontwikkel die kopie vir die sosialemediablaaie van die luukse safari-agentskap Robert Mark Safaris. Voor dit, het ek die kopie vir Foschini se blaaie help skryf. Ek kies die beste foto’s uit en skryf ongeveer 37 oorspronklike en interessante plasings met relevante, nagevorsde hutstekens per maand.

**Vryskut (2014-nou):** Ek werk as ’n Afrikaanse proefleser, teksversorger, manuskripkeurder, vertaler, skrywer, blogger en produksie-assistent. Ek begin by NB Uitgewers vryskut as ’n manuskripkeurder en proefleser. Ek is ’n gasblogger vir die blog 9Lives en The Order of the Red Dress. Ek begin my eie blog, Life Seekers, en stig die Cape Town Book Club, wat ’n waardering vir lees help groei. Teen die einde van 2014 kwalifiseer ek as ’n InnerLifeSkills-afrigter. In 2016 het ek die bestuur behartig en bygedra tot die sosialemediablaaie van Wild Info-toerisme, Garden State Productions, The Project Room en Cornuti Restaurant. Ek het ook met Garden State en Kukhula-Tech se geleenthede gehelp. Ek vervul die rol van storieverteller vir TEDxCapeTown waar ek die teks vir ’n kortfilm skryf en vervaardig.

**Lux Verbi/NB Uitgewers – Junior Redakteur (2012-2014):** Ek leer hoe om ’n konsep in ’n gepubliseerde boek te omskep en dit te versprei. Ek koördineer boekprojekte en wys toepaslike medewerkers aan terwyl ek binne die begroting bly. Ek identifiseer nuwe markte en konsepte om aan die bemarking- en verkopespan voor te lê. Ek sit hand by met alle redaksieverwante kopie en handhaaf tussendeur ’n goeie verhouding met ons skrywers. Daar is van my verwag om die struktuur te ontwikkel en bowenal te verseker dat die vervaardiging van ons skrywers se werk van die beste gehalte is. Toe die uitgewer van Lux Verbi bedank, is dit my taak om 14 boeke te laat druk. In 2015 wen *Surprised by the Man on the Borrowed Donkey*, ’n boek deur prof. Denise Ackermann wat ek help ontwikkel het, die Andrew Murray-Desmond Tutu-prys.

***Huisgenoot/YOU*-tydskrif (2011-2012):** As leerlingjoernalis doen ek klein administratiewe en skryftake. Ek leer vinnig en word gou bevorder tot leefstylassistent. In dié tyd skryf ek talle artikels, inleidings en resensies. Ek woon bekendstellings by, waar ek bande smee om die tydskrif se netwerk uit te brei en ek reël mettertyd die jaarlikse skakelingsbyeenkoms. Teen middel 2012 werk ek as die kreatiewe vervaardiger van ’n klein tydskrif. Die handelsmerkuitbreiding *Huisgenoot Mooi/YOU Makeovers* (somer 2012, winter 2012) is twee keer per jaar uitgegee met ’n oplaag van onderskeidelik 50 000 (*Huisgenoot*) en 30 000 (*YOU*). Ek help ook met die saamstel van *Huisgenoot Trou/YOU Weddings* en *MasterChef*.